higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010474)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie eksamenvraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A:	KORT VRAE	50 punte
AFDELING B:	LANG VRAE	150 punte
GROOTTOTAAL:		200 punte

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Snyerskussing	A	ry oor die lengte heen van die skakellusse vir gebreide weefstowwe
1.1.2	Chintz	B	belangrike paspunt vir moue wat presies bokant die skouer moet sit
1.1.3	Heupe	C	gebruik om individuele patroonsimbole, soos kolle, oor te dra op dubbellae weefstof .
1.1.4	Ribbe	D	moet groot genoeg gesny word sodat dit gemaklik om die arm kan pas
1.1.5	Geruite Skotse wolstof	E	gevorm om die rant wat dit sal afwerk te pas tydens die knipproses of net voor toepassing
1.1.6	Deurslagsteke	F	weefstof met 'n dowwe gekreukelde oppervlakte asgevolg van die gebruik van gedraaide garing
1.1.7	Rimpelpooitjies	G	gewoonlik gesny as 'n verlenging van die hooflyfiestuk en kan los of styfpassend wees
1.1.8	Belegsel	H	gewoonlik aangebring aan die verkeerde kant van die onderkraag of omslag
1.1.9	Skouerpunt	I	ontwerpe van geweefde of gedrukte kleurstowwe wat op reghoeke kruis
1.1.10	Kimono	J	word gebruik om gevormde areas soos pylnate by borste en geronde nate te pars
		K	hierdie mate bepaal die patroongroottes vir rompe en broeke
		L	styfgeweefde weefstof wat met blomme, soms figure en voëls bedruk is
		M	gevorm deur veelvoudige rye rygwerk en is hoofsaaklik 'n dekoratiewe manier om volheid te beheer

(10 × 1) (10)

1.2 Gee 'n woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Hierdie steek word gebruik om te las, kant aan onderklere te werk, bande/gordels te voltooi en om laswerk te doen.

1.2.2 Word gebruik om ritssluiters te stik en om teen koord in omboorsel te stik.

1.2.3 'n Steek in die weefstof, meestal vir dekoratiewe doeleindes maar ook om vorm te verleen.

1.2.4 Enige tegniek wat gebruik word om die naat netjieser te laat lyk en uitrafeling te voorkom.

1.2.5 Die sak self-word gebruik vir afwerking of om rante van snywerk in die uitrusting te bind.

1.2.6 Word gebruik vir knoopsgate aan die rant van die uitrusting of omslag, of by rompe.

1.2.7 Dit word gesny as 'n verlenging van die uitrusting, en word teruggevou langs die rante van afwerkings.

1.2.8 ’n Baie wye mou wat ingewerk is in 'n armholte wat gesak is.

1.2.9 Die bokant van hierdie vasmaker behoort 6 mm onder die boonste stiklyn en onder die onderste sluiter gewerk te word.

1.2.10 'n Sekere wydte van weefstof wat na binne gevou is, afhangend of die afgewerkte rant van die uitrusting uitklok, gerond of reguit is.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Verstekwerk is die diagonale las van twee kante by 'n hoek, dit kan in plek gevou of gestik word.

1.3.2 Raglan-skouerkussings is korter voor en langer agter en die linker- en regterkant verskil in vorm.

1.3.3 Daar is slegs DRIE metodes om die soomlyn van enige soort uitrusting te merk.

1.3.4 Die onderkant van die ritssluiterverlengings moet ten minste 15 mm wees en nadat dit voltooi is, word die band vasgewerk aan die naatspeling.

Kopiereg voorbehou

1.3.5 Belegselsplete is gevormde stukke of 'n stuk wat op die draad gesny is om die speetopening af te werk en is sigbaar aan die buitekant.

1.3.6 Spleetopeninge is ruimtes in 'n naat of styllyn van the uitrusting, en word meestal in rompe en rokke gebruik om bee te wys.

1.3.7 Krae must geknip, gelyk gemaak en gekeep word om volheid in toegewerkte nate te verminder.

1.3.8 Rolkrae lê plat teen die halslyn en hang dan oor die voorste halslyn en agterkant van die nek, en rus teen die uitrusting.

1.3.9 Wanneer 'n skuinsstrook aan 'n geronde rant soos 'n soom of halslyn gestik moet word, is dit makliker en die fyn kant gladder as jy eers die strook fatsoeneer.

1.3.10 Die sakholte moet ten minste diep genoeg wees om die hand tot by die kneukels toe te laat en sakke met 'n diagonale opening het 'n dieper holte nodig om seker te maak dat die inhoud nie uitval nie.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Noem die volgende konstruksieprosesse of dele van die uitrusting soos aangedui in FIGUUR 1 op die sketse hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



FIGUUR 1

(10 × 1) (10)

1.5 Bestudeer die volgende kledingstuk in FIGUUR 2 en beantwoord die vrae (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK.



FIGUUR 2

1.5.1 Noem die uitrustingdeel wat ondersteuning aan die kraag om die halslyn verleen soos in FIGUUR 2 hier bo aangedui.

1.5.2 Watter doel dien 1.5.2 op alle vervaardigde uitrustings?

1.5.3 Noem enige area op 'n damesuitrusting waar hierdie soort detail wat as 1.5.3 benoem is, gebruik kan word.

1.5.4 Watter soort kraag word in 1.5.4 hier bo genoem?

1.5.5 Stel 'n manier voor om die rafelkant van die deel wat as 1.5.5 benoem is netjies te maak.

1.5.6 Hierdie soort mou is gewild in sowel mans- as damesdrag. Watter soort mou is dit?

1.5.7 Noem EEN manier waarop die uitrustingdeel 1.5.7 op 'n uitrusting aangebring kan word.

1.5.8 Benoem die uitrustingdeel 1.5.8 hier bo.

1.5.9 Noem enige detail wat direk op die boonste deel van hierdie uitrustingstuk aangewerk kan word.

Kopiereg voorbehou

1.5.10 Hierdie etiket kom normaalweg voor op die linkernaat en bevat waardevolle inligting. Wat word die etiket wat 1.5.0 gemerk is, genoem?

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1



FIGUUR 3

Bestudeer die sketse van die damesbloes in FIGUUR 3 hier bo en beantwoord die vrae.

2.1.1 Die hempskraag is gebruik op die ontwerp van bloes in FIGUUR 3 hier bo. Bestudeer die stappe in FIGUUR 4 hier onder van die platkraagen verduidelik hoe diekraag voorberei word voordat dit aan die halslyn gewerk word.



FIGUUR 4 (15)

2.1.2 Plasing van volheid is op die bloesontwerp in FIGUUR 3 hier bo gebruik.

Identifiseer die VIER maniere wat jy op die skets in FIGUUR 3 kan uitmaak. (4)

2.1.3 Krae is nie die enigste detail wat gebruik kan word om die halslyn van die bloes hier bo af te rond nie. Bestudeer FIGUUR 5 hier bo en benoem elke soort halsafwerking wat hier onder getoon word.



FIGUUR 5 (4)

2.1.4 Pylnate word algemeen gebruik op damesdragontwerpe en hulle het 'n baie voordelige uitwerking op die oorkoepelende ontwerp van die uitrustings.

Bestudeer die voorbeelde van pylnate op die sketse in FIGUUR 6 hier onder en noem enige VIER ander tipe pylnaat wat op uitrustingareas aangebring kan word.



FIGUUR 6 (4)

2.1.5 Met verwysing na die skets in FIGUUR 6 hier bo, gee 'n duidelike definisie van die gewone pylnate wat meestal op rokke, bloese en baadjies gebruik word. (5)

2.2 Moue en mourantafwerkings is net so belangrik vir die oorkoepelende ontwerp van die uitrusting as enige ander uitrustingdeel.

2.2.1 Die mou wat op die bloesontwerp in FIGUUR 3 hier bo aangebring word, is 'n basiese ingesette mou.

Bestudeer die sketse hier onder in FIGUUR 7 en verduidelik hoe die ingesette mou voorberei en aan die armholtenaat gewerk word.



FIGUUR 7 (12)

2.2.2 Noem enige DRIE maniere om die soomrante van die mou af te werk. (3)

2.2.3 Wanneer 'n mouomslag aan die rant van die hempsmou aangewerk word, watter drie tipes mouomslae kan op die soomlyn gebruik word? (3)

[50]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die skets van die broek in FIGUUR 8 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 8

3.1.1 Noem die sak wat agterop die broekontwerp in FIGUUR 8 hier bo aangebring is. (1)

3.1.2 Noem nog TWEE ander sakke wat op die ontwerpe van broeke aangebring kan word. (2)

3.2 Die innaatsak word normaalweg aangewerk op lospassende uitrustings sodat die sak versteek bly. Met verandering in modeneigings word hierdie soort sakke nou ook op pasuitrustings aangebring.

Bestudeer die skets in FIGUUR 9 hier onder en verduidleik die konstruksieproses wat gebruik word om die innaatsak op die uitrusting aan te bring.



FIGUUR 9 (15)

3.3 'n Reguit lyfband rond die ontwerp in FIGUUR 8 hier bo af. Rekbroeksbande kan ook in die middellyfarea aangebring word.

Bestudeer die sketse hier onder in FIGUUR 10 en gee 'n gedetailleerde beskrywing van die konstruksie van die rekbroeksband.



FIGUUR 10 (14)

3.4 Some is altyd die laaste stap in die konstruksieproses van 'n uitrusting. Bestudeer die sketse in FIGUUR 11 hier onder en verduidelik hoe die omslagsoom op broekspype gemaak word nadat al die nate platgestryk.



FIGUUR 11 (8)

3.5 Verduidelik die spesifieke redes vir die merk van 'n soomlyn op enige uitrusting. (3)

3.6 Daar is DRIE vorms waarvolgens 'n uitrusting omsoom kan word. Beskryf die belegselrantmetode om 'n soom te maak. (3)

3.7 Watter TWEE gehaltestandaarde sal jy as belangrik beskou wanneer some aan die rante van jou uitrusting gemaak word? (4)

[50]

VRAAG 4

4.1



FIGUUR 12

Noem die volgende konstruksieprosesse of dele van die uitrustings wat in FIGUUR 12 hier bo aangedui is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

(10 × 1) (10)

4.2 4.2.1 Knope kan gebruik word op die ontwerp van die baadjie in FIGUUR 12 hier bo.

Noem die DRIE klassifikasies van knope wat beskikbaar is om op verskillende uitrustings te gebruik. (3 × 1) (3)

4.2.2 Noem DRIE soorte knoopsgate wat op 'n knoopstrook aangebring kan word. (3 × 1) (3)

4.2.3 Watter TWEE oorwegings is uiters waardevol wanneer knope en knoopsgate op uitrustingdele aangebring word? (2 × 1) (2)

4.2.4 Noem enige TWEE ander tipe vasmakers wat op die voorkant van 'n uitrusting gebruik kan word. (2 × 1) (2)

4.3 Gehaltestandaarde moet altyd toegepas word op alle areas van die konstruksieproses.

Verduidelik enige DRIE gehaltestandaarde wat toegepas moet word wanneer drukknope op jou ontwerpe gebruik word. (3 × 2) (6)

4.4 Daar is twee spesifieke maniere om die rant genommer VRAAG 4.1.10 netjies te maak. Watter TWEE tegnieke kan aan die rant gebruik word? (2)

4.5 Damesbaadjies kry hul vorm van die gebruik van styllyne en die voering aan die binnekant van die uitrusting. Voerings is die laaste weefstoflaag wat bygevoeg word in die getaileerde uitrusting.

Verduidelik hoe jy die voeringstukke sal las deur die sketse in FIGUUR 13 te bestudeer.



FIGUUR 13 (14)



FIGUUR 14

4.6 Perfek gevormde skouers in snyersuitrustings kan slegs verkry word deur skouerkussings te gebruik. Die baadjie in FIGUUR 14 toon 'n goeie proporsionele skouerlyn.

4.6.1 Die gebruik van skouerkussings word hoofsaaklik bepaal deur modeneigings of wanneer daar 'n individuele behoefte is.

Watter faktore dink jy bepaal die gebruik van skouerkussings op uitrustings? (2 × 1) (2)

4.6.2 Wanneer daar op liggaamstipes en wanverhoudings gelet word, wat is die TWEE belangrikste funksies van skouerkussings in enige skouerlyn? (2 × 2) (4)

4.6.3 Noem enige TWEE soorte skouerkussings wat beskikbaar is om op uitrustings te gebruik. (2 × 1) (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou